

# Rooibos skouer aartappels uit Sandveld

Bron: Johan Coetsee, Landbouweekblad, 7 Des 2018

Die internasionale vraag na rooibos, 'n goeie prys van tot R50 per kilogram en aartappelproduksie wat onder beleg is, lei daartoe dat ál meer aartappelgrond in die Sandveld opsy geskuif word vir rooibos. Dié nuwe praktyk is egter nie sonder struikelblokke



**Netjiese rye rooibos wat op ou aartappellande onder spilpuntbesproeiing gevestig is. Die Carstensfamilie het reeds sowat 500 ha na rooibos omgeskakel.**

Die Sandveld in die Wes-Kaap was nog altyd sinoniem met aartappel- en aartappelmoerproduksie, en kleiner vertakkings, soos rooibos, het tweede viool gespeel. Aartappelproduksie ervaar egter erge druk

weens hoë produksiekoste, siektes (soos verwelksiekte) en 'n taamlik versadigde mark. Daarom word honderde hektaar tans met rooibos vervang.

Sandveldaartappels word grootliks onder spilpuntbesproeiing

verbou weens die lae reënval in die streek. Omdat die grond gelyk en reeds voorberei is vir gewasverbouing, word al hoe meer rooibos op van dié sirkels gevestig.

Die aartappelboere mnre. Danie en Nico

Carstens en hul pa, Fritz, van die Swartboskraal-boerdery benader hul rooibosvertakking baie wetenskaplik. Hoewel hulle steeds aartappels op groot skaal vir veral die Kaapse mark verbou, het hulle reeds 500 ha van die ou aartappellande na rooibosplantasies omgeskakel. “Ons is nog in die eksperimentele stadium, en daar is baie vrae sonder antwoorde,” sê Danie.

Rooibos is iets heeltemal anders, sê mnr. Johan Brand, tegniese bestuurder van Rooibos Beperk op Clanwilliam, wat ’n inligtingsdag op Swartboskraal aangebied het. “Om rooibos (*Aspalathus linearis*), wat deel van die fynbosfamilie is, winsgewend op ou aartappelspilpuntsirkels te verbou, verg ’n perfekte balans tussen grondvrugbaarheid, grondgesondheid en bekamping van siektes en plaë. Verder moet goeie wisselboupraktyke gehandhaaf word.” Brand sê dit is fataal om onkruidbekamping te onderskat. “Boonop is daar heelwat onsekerheid oor wisselboupraktyke. Op party lande gedy die

rooibos en op ander sukkel plante plek-plek om aan die gang te kom. Dit is waarskynlik weens residuvlakke van die middels wat gebruik is om grondvoeding en siekte- en plaagbestryding toe te pas.”

#### AARTAPPELMEKKA-DAE GETEL?

Die Carstens-familie het al sowat 80% van hul lande na rooibos omgeskakel. Is dit ’n permanente neiging?

“Ons sal seker alles uiteindelik omskakel indien die inkomste per hektaar van rooibos steeds beter as aartappels bly. Om terug te gaan na aartappels, is egter baie maklik. Ons sal dit wel oorweeg as die prys van rooibos laer raak as die moontlike inkomste uit aartappelverbouing,” sê Danie.

Hy meen die Sandveld lewer die beste voorafverpakte aartappels op, wat altyd in aanvraag sal wees. “In die toekoms sal dit egter net lonend wees om aartappels te verbou op plase wat die geskikste is wat betref grond-pH, watergehalte, klimaat, grondpotensiaal,

besproeiingskoste en ligging, wat ook vervoerkoste beïnvloed. Insetkoste het Sandveldboere die afgelope paar jaar gedwing om so doeltreffend moontlik te boer om te oorleef. Uiteindelik is dit net die plase wat die beste geskik is om die goedkoopste te kan produseer, wat sal kan aanhou om aartappels te verbou.”

Nadat ’n ou aartappelland met rooibos beplant was, kan dit weer teruggeskakel word na aartappellande indien nodig. “As rooibosproduksie begin afneem, kan ons dit bloot uitploeg en alle plantreste van die land verwyder. Die grond word diep geploeg en aartappels kan dadelik weer geplant word. Ons gebruik wel aalwurmdoders as ’n standaardpraktyk tydens aartappelaanplanting.”

Danie sê een van die nadele van die aalwurmmiddels wat tans beskikbaar is, is dat dit vinnig in sanderige grond uitloog. “Ons het nog nie van die middels in rooibos gekry tydens residu-toetse nie.”

Rooibos se prys is tans meer as R50 per kilogram – in teenstelling met vier jaar en ses jaar gelede toe boere onderskeidelik nagenoeg R2 en R3 per kilogram gekry het weens oorproduksie. “Dit is waarom almal dit nou weer plant. Oorproduksie is waarskynlik nie ver (in die toekoms) nie. Dan sal die prys weer kwaai daal. Dit is hoe die vraag-en-aanbodmark werk,” sê Danie.

Rooibos-aanplantings skiet toenemend op in koringgebiede. Voorspellings word gewaag dat 2018-aanplantings reeds 'n baie swakker prys sal kry as dit in 2020 in produksie kom weens moontlike oorproduksie.

#### VAN SAAD TOT SUKSES

Rooibossaad word in landerye versamel, waarna dit deur Rooibos Bpk. behandel en aan kwekers verskaf word, wat die saad dan in beddings plant en versorg, sê Danie. Wanneer dit in Junie en Julie reën, word die saailinge uitgehaal en met masjiene of per hand geplant.

Volgens Danie word rooibossaad wel regstreeks geplant, maar dit kan net gedoen word op grond met 'n goeie waterhouvermoë en in gebiede wat baie reën kry. “Die saadjie moet daaglik water kry tydens die eerste paar dae ná ontkieming, en ons kry nie sulke gereelde reën in ons omgewing nie. Voorts is die mededinging met onkruid wat saam met die eerste winterreën kop uitsteek, te veel.”

Eienaardig genoeg is die plante wat die meeste blomme lewer en waarvan saad die maklikste oes, die swakker plante, sê hy.

As dit normaal reën, gee hulle die plante geen water nie. “Andersins gee ons sowat 5 mm net nadat dit geplant is, en weer elke sewe dae as dit in die eerste sowat twee maande nie reën nie.

“Die jong plantjies is uiters gevoelig vir wind, en ons moet goeie voorsorg teen windskade tref deur 'n dekgewas – soos rog – tussen die rye te plant. Wanneer die plante groter is, word die rog doodgespuit. As sterk wind sand teen die jong plantjies aanwaai, vrek hulle letterlik oornag.”

Weens die droogte in 2017 het hulle ál die rooibos met sewe spilpuntbesproeiingsstelsels in die lente natgelei. “Elke land het sowat 30 mm water gekry. Dan is die spilpunte na die volgende land gesleep totdat ons alles só kon natlei. Nadat die rooibos in die somer gesny is, het ons die proses herhaal. Dit is egter nie normale praktyk nie. Dis gedoen sodat die plante die droogte kon oorleef,” sê Danie.

#### SPESIALE AANDAG AAN GROND

Volgens Brand is die grootste faktore wat die groei van rooibos striem, ongekompoteerde organiese materiaal, 'n hoë pH, grond wat nie gedreineer is nie, en buitengewoon hoë fosfaatvlakke in verhouding met ander grondelemente.

Die Carstensfamilie bemes nie ou aartappelspilpuntlande voor die rooibos geplant word nie, maar doen wel grondontledings om die fosfaatvlak te bepaal. “As die fosfaatvlak te hoog is, is dit giftig vir die rooibos as fynbossesie en sal die

aanplanting beslis  
misluk,” sê Danie.  
Die pH op  
Swartbosboskraal is  
baie laag – sowat 3 tot  
4 – wat dit geskik maak  
vir fynbos, maar nie vir  
aartappelverbouing nie.  
“Die bemesting van  
aartappels begin  
ondoeltreffend raak by  
sulke lae pHvlakke,” sê  
Danie.

Sy raad aan boere wat  
na rooibos wil  
oorskakel, is om seker  
te maak die fosfaatvlak  
is nie te hoog nie en  
dat geen residu van  
onkruidodders meer in  
die grond teenwoordig  
is nie.

“Die inligting is tans  
nog skraps, maar ons

leer uit ons foute en  
suksesse, en sal  
suksesvol anderkant  
uitkom,” sê Danie.  
Voorts moet jy deeglik  
beplan en die plantjies  
'n jaar voor die tyd by 'n  
kweker bespreek. “Die  
kwekers maak net op  
bestelling.”